

**Skriflesing:** Lukas 23: 26 – 43

Teks: **Lukas 23: 34a**

**Sing- VOORAF SANG: Sb. 24 (Sb. 1-1): 6,7**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2; Ps. 25:3,5; Ps. 32:1, 6; Ps. 23:3; Ps. 116 ...; Sb. 28b (10-2)**

**Lukas 23: 26 – 43**

**Luk 23:26** Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra.

**Luk 23:27** 'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het.

**Luk 23:28** Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders,

**Luk 23:29** want daar kom dae waarin hulle sal sê: 'Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue en dié wat nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie.'

**Luk 23:30** Dan sal hulle vir die berge sê: 'Val op ons!' en vir die heuwels: 'Bedek ons!'

**Luk 23:31** As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?"

**Luk 23:32** Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word.

**Luk 23:33** Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant.

**Luk 23:34** Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" Hulle het sy klere verdeel deur te loot.

**Luk 23:35** Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: "Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is."

**Luk 23:36** Ook die soldate het vorentoe gekom en Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn aangebied

**Luk 23:37** en gesê: "As jy die koning van die Jode is, red jouself."

**Luk 23:38** Daar was ook 'n opskrif bokant Hom: "Dit is die koning van die Jode."

**Luk 23:39** Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!"

**Luk 23:40** Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!"

**Luk 23:41** In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons daede. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie."

**Luk 23:42** Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

**Luk 23:43** Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

**Skriflesing:** Lukas 23: 26 – 43

Teks: **Lukas 23: 34a**

**Sing- VOORAF SANG: Sb. 24 (Sb. 1-1): 6,7**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2; Ps. 25:3,5; Ps. 32:1, 6; Ps. 23:3; Ps. 116 ...; Sb. 28b (10-2)**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons reeds op hierdie heilige grond gebring. Ons het toe reeds gepraat van sewe vensters wat op Golgota nie vir ons moet oopgaan nie, maar reeds oopgemaak is, soos hierdie tafel vandag reeds gedek is, die brood en die wyn is reeds hier. Ons staan by die kruisgrond waar ons eintlik ook die skoene van ons voete moet aftrek want ons staan op heilige grond. In alles het ons met heilige woorde te make, ja ook elke woord uit die Middelaar se mond aan die kruis gespreek, kan nie anders as heilig wees nie. Die heiligheid bepaal sy woorde, maar dis ook asof sy woorde sy heiligheid bepaal.

Die grond waarop ons verlede Sondag was, het bepaal waar het mense hulleself rondom die kruis bevind. Die onheiligste by Hom wat die Heilige is. Uitgesonder daardie groepie vroue ... met

hulle loop Jesus 'n ander pad, 'n eie pad, by hulle sal die woord ook anders wees. Die derde kruiswoord bewys dit gou- *Vrou daar is u seun, seun daar is jou moeder ...* maar ons is nie vandag by die derde kruiswoord nie, maar by die eerste.

\*\*\*

Eerste tot die apatiese soldate gerig wat eintlik nie regtig omgee vir die Gekruisigde nie, hulle plant die kruise, hulle vat die klere, hulle speel speletjies en loot oor sy onderkleed sonder naat. Met die soldate sien ons vandag baie mense wat nie regtig vyande van die Here se liggaam, sy Kerk is nie, maar hulle gee eintlik ook niks om nie. Of daar nou kerk van die Here in die wêreld is en of die kerk ook nie hier sou wees nie, maak aan hulle eintlik geen verskil nie. Sien u ook 'n groot deel van vandag se mensdom agter die soldate, my broeder en suster. Ons kan hulle nie miskyk nie.

Verlede Sondag was die tweede groep die baie groter groep. Jesus se eie volk is sy grootste vyande. Die geskreeu van *kruisig Hom, kruisig Hom* hang nog swaar in die lug. Vandag beseef ons by Jesus was die tydsverloop tussen vonnisoplegging en vonnisvoltrekking ongehoord vinnig. Dit op grond van 'n enkele wysiging in 'n wetsontwerp in die Romeinse Reg, ongeveer 50vC. Altyd het die reg gegeld dat tussen die oplegging van 'n vonnis en die voltrekking mag daar nie 'n korter tydsduur verloop as 10 dae nie. As iemand tot die kruis veroordeel was, die doodsvonnis is opgelê, dan eers weer 10 dae voordat dit voltrek mag word. Toe kom daar die enkele bepaling dat die 10 dae verloop is nie van toepassing op terroriste nie, oproermakers, onrusstokers, hulle mog dadelik gekruisig word.

Jesus word so 'n groot Vyand van sy eie volk gemaak, Hy word nie alleen saam met die misdadigers gereken wat daar saam met Hom gekruisig word nie, Hy word as terroris, in die kategorie van onrusstoker geplaas, Hy moet dadelik gekruisig word. Die aandrang wat hierdie vyandskap en haat vanaf Jesus se eie volk voortgedra het, was niemand teen bestand nie. Nie eers die regter Pontius Pilatus nie, al het hy erken hy vind geen skuld nie, tog was die volksreg vir hom die hoër reg as sy eie gerespekteerde reg, want al was hy sy eie hande so asof dit sy bloedhande kan skoonmaak, is die bloed ter sprake nie met gewone water af te was nie. Om te sê ek was my hande in onskuld is nie alleen 'n patetiese regsuitspraak nie, maar is tragies in die

toepassing daarvan waar die lewe en die dood ter sprake kom en die reg nie die lewe kan beskerm nie.

Die owerpriesters en die Sanhedrin, baie verwys sommer na hulle as die Joodse Raad, dis asof hulle haat saam met dié van hulle volk eintlik net erger word. In hulle haas om by die kruisgrond uit te kom, kan mens amper in jou geestes oog sien die haastige spoed waarmee hulle na die heuwel haas. Dat hulle sekerlik mekaar se lang ampsgewade selfs kon raaktrap in hulle haas om die werklike vonnis te sien gebeur, kan niemand uitsluit nie. Ja, die werklike vyandskap wat deur haat gedryf word, is in mensehande van die gevaarlikste wat daar kan wees.

As Jesus vyandskap met vyandskap moes antwoord, dink vir 'n oomblik daaraan geliefdes, sou hier dan vandag 'n Nagmaaltafel kon staan. Die mens wat die natuurlike reg koester, van 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, trap my dan skop ek, praat lelik dan vloek ek, sien ons nie onself ook hier nie, geliefdes, dit wat die Kategismus hard op ons laat afkom as ek hoor **van nature is ek geneig om God en my naaste te haat** (V/A 5 Sondag 2). As ons die eerste kruiswoord vandag in sy konteks, verband en trefkrag op ons hoor afkom, dan is die woord *vergewe*, nie kinderspeletjies nie. Iemand wat die verskriklikste vyandskap nie ook nog weer met vyandskap antwoord nie, moet heeltyd in die agterkop bly maal met waarmee ons vandag besig is!

Dit wat vandag se kruiswoord is, ja dit wat die eerste kruiswoord was, laat ons besef as dit nie was vir wat hierdie woord beteken nie, sou hier vandag nie 'n tafel, nie brood, geen beker kon wees nie. Dit is die woord wat die Nagmaal van die vorige nag nie alleen moontlik gemaak het nie, maar werklik dit word geloofwaardig gemaak. Die werklik geloofwaardige is nie alleen die een wat kan vergewe nie, maar sy vergewing met liefde beseël.

Geliefdes, daar waar die hamers reeds begin kap, die spykers sny deur die sagste vleis aan die liggaam, deur die hande, deur die voete, ja ek dink so dikwels ons besef nie werklik die lyding in hierdie daad nie. Dat een mens dit 'n ander mens kan aandoen, is verskriklik. Jy word aan 'n hout vasgekap dat jou liggaam in sy eie ingewande moet opstoot, dat die verskil tussen uitasem en kortasem met die vinnigste afwisseling die hindernis is dat die mens (nie flouaak) nie in 'n koma raak nie. Woorde kan dit nie beskryf nie. Die grond waarop dit gebeur raak al meer bloed

bedruppel en al val dit selfs op die soldate, dit raak hulle nie. En die vyande van Christus is asof hulle deur die rooi bloed net nog meer rooi sien. Dit laat ons beseft die haat van die mens en die liefde van God het by 'n punt gekom wat ons die ontmoeting tussen die brood en die beker ook moet raaksien.

\*\*\*

Hulle breek sy liggaam, hulle vergiet sy bloed, so haat hulle Hom, maar wat is die eerste wat Hy daarvoor sê – woorde skiet so dikwels so ver tekort- die eerste woorde is nie woorde tot mense gerig nie, maar dit is 'n gebed. *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.* Πάτερ, ἄφεες αὐτοῖς· οὐ γὰρ οἴδασιν τί ποιοῦσιν. Die klem lê op die woord ἄφεες αὐτοῖς, vertaal as VERGEWE HULLE ... *laat hulle maar gaan, laat hulle dit toe ...* in die woord is opgesluit, dat hulle die oorsaak van hulle eie daad sekerlik nie goed begryp nie. Opmerklik die woord *vergeef* kom in die Bybel so 25X voor, terwyl die woord *vergewe*, wat sekerlik dieselfde betekenis dra so by die 100X (99 keer) in Godswoord verskyn.

Om by hierdie tafel hierdie gebed te mag hoor, ja waar die Middelaar van tyd en ewigheid in sy eerste kruislyding en pyn die eerste van sy eie bloed moes stort is dit asof ons Hom dit nie hard hoor sê nie, so in kontras met mense wat alles hard sou skreeu en Hom sou wou verskreeu, *Vader vergeef hulle ...* Waar die ander skreeu is Hy die Een wat bid. Hy bid letterlik bo die mens uit. Vader vergeef hulle. Niks kon sy gebed keer nie. Om te dink in die onheiligste van oomblikke praat Jesus hierdie heilige woorde. Ons kan aanvaar dit is sekerlik eerstens 'n gebed vir die soldate daar by Hom. As Jesus vra dat hulle vergewe moet word moet ons nie dink dat Jesus vra dat hulle wat die hamer slaan nooit gestraf sal word nie. Jesus sou nooit bid dat hulle straf heeltemal afgestel moet word nie.

Hierdie vergewende liefde waarmee hierdie gebed ons tot die tafel laat nader is liefde wat nie geregtigheid uitsluit nie. Liefde kan nooit ware liefde wees as daar nie ook geregtigheid geskied nie. As Jesus bid dat die Vader hulle moet vergewe dan kom dit eintlik daarop neer dat daar uitstel moet wees. Dat God sy oordeel oor hierdie mense sal uitstel, m.a.w. hy bid vir vergiffenis vir 'n wêreld wat nie weet nie - mag die eindoordeel nie nou oor hulle kom nie. Dis 'n gebed vir vergiffenis vir hierdie oomblik want as God waarlik nou moet straf die ware straf wat hierdie mense toekom, wie sal dit kan deurstaan. Daar sou niemand wees nie. Wag met die oordeel,

wag met die straf. Daar sal eendag op hierdie saak teruggekom moet word, maar nie nou nie. Nou moet God tyd gee, tyd vir baie wat moet gebeur. As God nou moet straf gemeet aan die maat waarmee die mens sy haat laat spreek dan sou die mens letterlik voor God se toorn moes wegsmelt. Jesus vra dus uitstel dat Hy ook sy werk kan klaarmaak. Dat Hy die straf volledig sal kan dra.

Geliefdes ons beseef in hierdie tyd van uitstel sluit die tyd in wat daar vir ons ook hierdie gebed gebid word. Uitstel sodat die Evangelie van verlossing eers verkondig sal moet word. Uitstel dat met hierdie Evangelie daar vir God se kinders geleentheid mag wees om Hom al meer en al beter as Borg en Middelaar te leer ken. Dat daar werklik tyd mag wees en tyd gegee word dat God se kinders Nagmaal mag vier. Dit wat ons nou gaan doen. Dit wat insluit dat ons ook sal weet wat ons doen. Ja, by nabetracting lê die klem op die tweede deel van Jesus se hoofsin, nie alleen vergeef hulle nie, maar het Jesus gesê ... *want hulle weet nie wat hulle doen nie*. Vir ons moet dit juis nou wees – ons moet weet wat ons doen

AMEN

## NABETRAGTING

**Luk 23:28** Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders,

**Luk 23:29** want daar kom dae waarin hulle sal sê: 'Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue en dié wat nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie.'

**Luk 23:30** Dan sal hulle vir die berge sê: 'Val op ons!' en vir die heuwels: 'Bedek ons!'

**Luk 23:31** As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?"

**Luk 23:32** Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word.

**Luk 23:33** Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant.

**Luk 23:34** Toe sê Jesus: "**Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!**" Hulle het sy klere verdeel deur te loot.

Geliefdes - Voor die Here se tafel was die eerste kruiswoord in sy twee dele ons deel. Die gedagte dat die Seun om vergewing bid was 'n gebed dat daar uitstel van God se straf en God se oordeel sal wees. Dat God eers sal wag vóór Hy daadwerklik sal straf. Jesus sluit by sy gebed dat in dat die straf wat op Hom moet kom, die volle straf sal wees. Die mens het dit op daardie stadium nie kon weet hoe hierdie straf wat Jesus nou dra eintlik in ons plek gedra word nie. Dit wat deel is van wat die mens nie weet nie. Hulle weet nie van U raadsbesluit nie, hulle weet nie hoe verskriklik U oordeel eintlik kan wees nie. Ja hoe dit is om te val in die hande van die

lewende God wat 'n verterende vuur is as daar gestraf gaan word. Hebreërs 12 vers 29 stel dit ook dat *want onse God is 'n verterende vuur ...* Dat Jesus die finale oordeel vir eers kon wegbid is daarom genade op genade. As Jesus sê – *want hulle weet nie wat hulle doen nie*, dan is daardie want eintlik 'n *sodat* wat daarop neerkom dat Jesus bid dat die straf nie nou sal wees nie, vergeef hulle SODAT dit eers anders kan word in hierdie NIE-WEET wêreld. Want dieselfde God sê dit ook en daarby kon ons ook vandag Nagmaal vier. Dit wat Esegïël 18 vers 32 uitspel en ook lees ons die bevestiging in 2 Petrus 3 vers 9 – *God het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar dat hy hom sal bekeer en lewe*. God het nooit die mens se vyand wou word nie, maar die mens het God se vyand geword, dit alles daar waar die eerste mense, Adam en Eva oortree het.

Tog het die Nagmaalsformulier ons ook vandag kon verseker, ook met die uitgangspunt van Romeine 5: 8 -11 ... veral vers 8: *8 Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was*. Toe ons nog sondaar was sluit in toe ons God se vyande was. Daarom as Jesus bid dat daar uitstel vir die oordeel moet wees, vergeef hulle dan bid Jesus letterlik dat die uitstel tyd mag gee. Mag God tyd gee tot die tyd wat daar nie meer kan wees nie.

Jesus bid eintlik dat daar 'n langer geskiedenis in die wêreld mag kom, langer tyd mag wees, meer dinge in die wêreld eers nog moet gebeur wat hierdie vergeef-evangelie van God sy loop mag neem. Dat dit nog mag opklink, wyd en syd verkondig mag word dat God wel uitstel gegee het en dat Christus hierdie uitstel tot die laaste oordeel moontlik kon maak. Jesus bid dat kennis meer mag word, want nou weet hulle nie wat hulle doen nie, eendag sal die tyd daar moet wees, wat hulle dan wel sal moet weet wat hulle gedoen het.

As Jesus God se oordeel tot uitstel oopbid en Hy eintlik vir ons tyd afbid dan besef ons wat het nie alles in hierdie eerste kruiswoord skuil gelê? Weet ons regtig? Ons sal nooit nou alles weet nie, nie nou nie ... eendag. Tog weet ons as Jesus om tyd vra vra, Hy bid tyd oop, dan weet Hy daar moet nog ses ander kruiswoorde volg wat nie ongehoor mag wees nie, Hy weet dat selfs hierdie soldate, met hulle hoogste gesag, die bevelvoerder oor honderd, gaan binne ure van nou af besef dat ons was verkeerd. Hulle wat dieselfde dag, net enkele ure later, toe die wêreld

geskud het en die grafte oopgegaan het en daar selfs toe al lewe uit die grafte was, toe het die soldate se nie-weet-nie ... oorgegaan in *Waarlik Hy was die Seun van God*.

In die mens se nie-weet nie, lê Jesus se weet. Hy het geweet dat daar nog eers 'n Pinkstertyd sal moet kom, ja Jesus het geweet dat daar 'n dertiende apostel, ja Paulus wat op die wêreldtoneel sal moet verskyn wat die woord sal moet laat deurbreek na lande wat toe nog heeltemal onaangeraak was. In Jesus se weet en in die mens se nie-weet-nie lê sekerlik ook opgesluit dit wat Konstantyn in die wêreld moes kom doen, ook nog weer baie eeue later, dit wat die reformasie sou moes bring. Met Martin Luther en Johannes Calvyn, wat duidelik die kerklike dwalinge van die Middeleeue moes oopbreek wat net nie so kon aangaan nie. Dat die wêreld maar veral die kerk deur 'n hervorming moes gaan. Ja, in Jesus se weet in die mens se nie-weet-nie lê ingebed Afrika. Donker Afrika wat Augustinus wel 'n fakkelt op hierdie donker kontinent kon wees, maar mag ons Simon van Cirene heel aan die begin van die kruispad nie vergeet nie, die man wat gedwing was om die kruis te dra was 'n Afrika-man wat die kruis na die heuwel moes dra terwyl die Evangelie nog nie werklik na Afrika uitgedra was nie. Dit lê ook opgesluit in Jesus se vraag na vergewe, m.a.w. gee nog tyd, gee uitstel, wag nog eers, laat hulle nog eers loskom ... dat mense in Afrika mag weet wat hulle toe nog nie geweet het nie.

Geliefdes waar ons vandag kon Nagmaal vier met die eerste kruiswoord wat die bedding vir die ander kruiswoorde ook moes voorberei ... *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie* ... mag dit ook in die bedding van u hart vir u duidelik wees, hoe belangrik dit is dat Jesus ook nog vir ons hierdie uitstel afgebid het. Tegelyk dat ons mag weet terwyl die vroeëre dit nie wou weet nie, Wie is die Een, Wie is waarlik die Een wat vir ons moes sterwe. Mag u deur hierdie eerste oop venster, oop op Golgota besef dis 'n gebed wat ook vir my gebed is, 'n gebed wat dit moontlik gemaak het dat ek mag Nagmaal vier. En dié wat nie weet nie, wat veronderstel is om te weet, besef die dag gaan kom dat die vraag na uitstel dan ook verby is. Dat ons nou nog die tyd mag uitkoop terwyl daar nog tyd is.

AMEN